NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK NOORDELIKE SINODE

NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

HOU MEKAAR VAS FOKUS '24

**Kampterreine:**
**Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
**Magaliesberg**: Bespreek by magaliesbergjeugkamp@gmail.com of **072 611 0678**.

**Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil


**29 November 2024:** Nr 40/2024

**Neem asseblief kennis van die volgende:**

***Volgende week se *Verskil* is die laaste uitgawe vir 2024.**
***Die sinodehuis sluit die *13de Desember* en open weer die *6de Januarie 2025.***

---

## Warmnuus



### ❖ Dringende versoek!

**Kommunikasie: Vraelys** **Sperdatum**: *29 November!*

Die SDR het onlangs 'n Taakspan Kommunikasie in die lewe geroep. Die taakspanleier, Dewald Roux, skryf: ***"Ons vra dringend dat alle predikante, kerkkantore en een kerkraadslid uit elke gemeente, 'n baie kort vraelys oor kommunikasie vóór 29 November sal invul. Dit gaan jou regtig nie meer as 3 minute neem nie en ons sê by voorbaat baie dankie vir almal se moeite!".*** Kliek hier vir die vraelys.

### ❖ Excelsus

**Program vir 2025**

excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

Excelsus skryf: "Ons is opgewonde oor die beplanning vir **2025** en ons verduidelik graag hoe die ritme vir die volgende jaar gaan lyk. Ons het verskeie datums in ons program. [Kliek hier en lees verder.] **Navrae:** Rika van Rensburg (excelsus@up.ac.za) / Tom Smith (tom.smith@up.ac.za).

## Sinodenuus

### ❖ 'n Seisoen van die skepping

Die Sinodale Diensraad (SDR) het op *13 November* o.a. aandag gegee aan 'n Seisoen van die skepping, leraarontginning, Pinkster '25 en werkskepping. Kliek hier vir meer inligting oor sake wat op die tafel was.




### ❖ Eerstejaarskamp 2025

Universiteitsoord skryf: "Ken jy iemand wat volgende jaar in Pretoria begin swot? HELP ONS ADVERTEER ASB! Universiteitsoord se Eerstejaarskamp in 2025 is die plek om te wees! Kom maak nuwe vriende en begin jou studentelewe op die regte manier! Hierdie kamp vind plaas van *20 - 24 Januarie* en

beloof om vol pret te wees. Ontmoet  ook seniors in jou studierigting en kry 'n voorsmakie van wat dit is om 'n student te wees. Skryf in vir die kamp van jou lewe! 'n Kamp vir studente, deur studente.
**Kliek hier**: https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp of volg ons op Instagram@unioord."

## ❖ Opsoek na 'n kampterrein?




Neem kennis van Magaliesberg, 'n buitelug sentrum waar jong avonturiers leer verhoudings bou en saam groei. Binne 1 uur se ry vanaf Johannesburg en Pretoria, naby Hartebeespoortdam. Kliek hier om die advertensie te lees. **>>>** **Besprekings**: magaliesbergjeugkamp@gmail.com / WhatsApp na 072 611 0678.

# Kolleganuus

## ❖ Verjaarsdae

02/12 Johan Avenant (The Reeds); Theo Oosthuyzen (Krokodilrivier)
04/12 Gert Prinsloo (Emeritus)
------------------------------------------
02/12 Reineth Prinsloo (Eggenote van Gert, emeritus)
03/12 Elize Steyn (Eggenote van Nelius, Wonderboom)
05/12 Ansie Swart (Eggenote van Martiens, emeritus); Annelize Endres (Eggenote van Ernst, Wonderpark)

## ❖ Bewegings



**<<<** **Anine Fischer** (proponent) het die beroep na Queenswood toe aanvaar. Sy word op *5 Januarie 2025* bevestig en lewer dan ook haar intreepreek.

**>>>** **Frans Burger** (Rietfontein-Noord) het die beroep na Windhoek aanvaar (onderhewig aan 'n werkspermit).





**<<<** **Johan Mostert** (proponent) het die beroep na Levubu aanvaar en word op *7 Desember* bevestig. Sy intreepreek vind op *8 Desember* plaas. Hy het die beroep na Nylstroom-Oos bedank.

**>>>** **Zilcha Mostert** (proponent) het die beroep na Nylstroom-Oos bedank.





**>>>** **Wynand van Niekerk** (Monumentpark) het die beroep Uitvoerende Hoof van die SKDBM (Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid Maatskappy) aanvaar. Sy afskeid vind op *26 Januarie 2025* plaas.

# Ander nuus

## ❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

CLF stel bekend: **Woestynwysheid** deur Ronell Bezuidenhout. Kyk na 2 videos waaroor Ronell meer vertel oor haar boek, die temas en geloofsvaders van wie sy ook skryf. [Kliek hier om die advertensie te lees].

**Spesiale aanbieding:** CLF bied weer 'n 50% afslag op uitgesoekte akademiese/teologiese boeke. Die aanbod is onmiddelik beskikbaar en geldig to *31 Maart 2025*, terwyl voorraad hou. [Kliek hier].

## ❖ Vakatures

**Kerkbode:** Kliek hier.

**Mootvallei:** **Jeugbedienaar** (Kontrakpos)
*6 Januarie tot 31 Desember 2025*, op 'n fleksie werksweek-basis en is geskik vir 'n teologiese student. Kliek hier vir meer inligting. **Sluitingsdatum**: *6 Desember 2024*. **Navrae**: Ds. Dini Smit, 012 335 0611.

**Vaalwater:** **Leraar** (Vastetermynpos)
Aansoeke: Stuur 'n volledige CV (nie langer as vier bladsye nie), met ten minste twee toepaslike referente, na die skriba van NG Gemeente Vaalwater, by kantoor@vaalwater.ng.org.za (**nie later as** *13 Desember 2024* nie). Kliek hier om die advertensie te lees.

**Montana:** **Finansiële beampte**
**Sluitingsdatum:** *10 Desember 2024*. Onderhoude sal in Januarie 2025 plaas vind. Kliek hier vir die volledige advertensie. Alle aansoeke tesame met CV's moet ingedien word by die kerkkantoor of e-pos na: admin@ngmontana.co.za.

**Stad op die berg:** **Leraar** (Voltyds)
Alle aansoeke moet per e-pos gestuur word na sg@stadopdieberg.co.za. en vergesel wees van 'n volledige CV met vier referente. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is *7 Maart 2025*. **Navrae:** Kobus Janse van Rensburg (voorsitter DVK) kobusjvr67@gmail.com / 0824627193. Kliek hier en lees meer.

## ❖ Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente in die Noordelike Sinode wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za]. Kliek hier vir die name van persone wat reeds gereageer het.

# Naskrif

